Januarie - Februarie 2023

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 22, No. 1 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan & Feb 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Die uitverkorenes en die redding van die mensdom

Daar sal 'n dag aanbreek wanneer geweld tussen bure, stamme, nasies en rasse tot 'n einde sál kom en pandemies iets van die verlede sal wees. Ek begryp dat dit moeilik is om te glo, veral wanneer die mensdom se geskiedenis in ag geneem word, maar besef u dat dit die boodskap van die Bybelse profete en van Jesus Christus Self is? Hoe kan dit wees?

Jesus het gesê dat toestande op die aarde so skrikwekkend sal raak dat, tensy Hy terugkeer, geen mens sal oorleef nie. “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22). Hierdie gedeelte is baie betekenisvol. Ons leer dat daar 'n baie moeilike tyd sál aanbreek wat erger sal wees as wat die mensdom nog ooit regdeur sy geskiedenis beleef het of ooit weer sal beleef. Daar is egter goeie nuus. Iéts, of in hierdie geval Iémand, sal die mensdom se blindelingse geploeter in die vergetelheid laat verdwyn. Daardie Iémand is Jesus Self en Hy verduidelik waarom die mensdom se waansin kortgeknip sal word – “ter wille van die uitverkorenes”.

Wié is dus die uitverkorenes? Die meeste mense vind hierdie vraag vreemd, omdat hulle verkeerdelik aanvaar dat alle mense 'n geleentheid het om gedurende hulle leeftyd gered te word. Nie u Bybel of gesonde logika ondersteun hierdie idee nie. Dink aan die miljarde wat bestaan het vóór, tydens en ná Christus se eerste koms sonder dat hulle ooit Sy naam gehoor het; tog word daar aan ons vertel dat daar *geen ander naam* is waardeur ons gered kan word nie (Handelinge 4:12). Jesus Self verklaar: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:44). Hierdie stelling word in vers 65 herhaal – verstaan u die omvang daarvan?

**Met Christus gekruisig**

Die Bybel bevat ook baie waarskuwings oor valse Christenskap (vergelyk Matthéüs 24:4-5; 2 Korinthiërs 11:4, 13-15; Openbaring 6:1-2; 12:9). Die uitverkorenes waarvan Jesus praat, is inderdaad min indien dit vergelyk word met die geskatte twee-en-'n-half miljard “Christene” van alle denominasies in die wêreld vandag. Wie die uitverkorenes ook al is, is hulle nie in die meerderheid van belydende Christene nie; tog is daar van hulle in ons wêreld en dit is ter wille van húlle dat Christus sal ingryp. Jesus het egter nie vrede tydens Sy eerste koms gebring nie – wat sal

dus anders wees met Sy Wederkoms? Hoe sal Hy eensgesindheid bring na ons twisgierige planeet?

Sowat 2,600 jaar gelede het die profeet Daniël twee tegnologiese ontwikkelings beskryf wat die eindtyd sal aandui naamlik, vervoer op 'n ongekende skaal en 'n massiewe uitbreiding van kennis (Daniël 12:4). In die boek, Lukas, is Jesus se uitsprake oor die sedelike euwels aangeteken wat Sy Wederkoms sal voorafgaan – geweld en sek-suele onsedelikheid (Lukas 17:26-30; vergelyk Génesis 6:5, 11). Die profeet Sagaría verduidelik wat die vonk is wat die finale krisis sal laat vlam vat – probleme rondom die stad Jerusalem (vergelyk Sagaría 12).

Geagte Leser, u moet asseblief nie mý woord vir enigiets hiervan aanvaar nie. Ek haal baie skrifte aan en ek verstaan dat die Bybel 'n groot Boek is waarmee die meeste mense nie baie vertroud is nie. Dit lyk aanvanklik dalk moeilik om hierdie verse op te soek, maar dit is *nodig* dat u hierdie dinge vir uself bewys en u kán dit doen met net 'n bietjie moeite. Gebruik die inhoudsopgawe voor in die Bybel indien u dit nodig vind. Om u eie ontwil, wees asseblief soos die Bereane wat deur Paulus beskryf is: "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik –**
**Die uitverkorenes en die redding van die mensdom**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die Gevaarlike "tye van die nasies"** 3
Hou u Jerusalem dop? U Bybel maak melding van 'n mylpaal in Jerusalem gedurende die eindtyd wat ons wêreld sal skud, voordat Christus terugkeer!

**Maak doop saak?** 8
Het u al ooit die feit bevraagteken of die doop werklik belangrik is? Dankie tog, die Woord van God beantwoord die vraag duidelik.

**Werk moderne moraliteit?** 11
Skandelike gedrag word deesdae beskou as prysenswaardig. Is dit nie tyd om te vra of die "nuwe moraliteit" die regte een is nie?

**Krag om te oorwin** 15
Wilskrag is 'n belangrike eienskap van die mens se karakter. Benut u die Bron wat u kan help om die wilskrag te ontwikkel wat u nodig het?

**'n Verdeelde huis** 18.

**Die twee kante van die viering van Nuwe jaar** 21

**Die geheimsinnige eerste perderuiter** 24
Bybelse profesieë in verband met die eerste perderuiter van die Apokalips openbaar waarna huidige gebeure lei.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die Gevaarlike "tye van die nasies"

## Deur Richard F. Ames

Die Bybel skets die toekoms van die wêreld. Bybelse profesieë openbaar die volgorde van wêreldgebeure wat uiteindelik sal lei tot die einde van hierdie era van menslike wanbestuur. Watter wêreldgebeure behoort u dop te hou? U Bybel openbaar dat daar in die nabye toekoms, 'n groot supermoondheid in die wêreld tot stand sal kom en wat bo die kwynende Verenigde State sal uitstyg. Sal dit China wees? Ons het onlangs gesien dat China sy plek as 'n wêreldleier wil verseker – of sal Rusland, die opvolger van die voorheen magtige Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke, 'n herlewing beleef wat dit weer as die middelpunt van die globale geopolitiek sal plaas?

U Bybel openbaar die magtige rolle wat China en Rusland sal speel aan die einde van hierdie huidige tydperk, nét voor die Wederkoms van Jesus Christus. Tog openbaar u Bybel ook 'n skokkende waarheid wat die meeste mense nog nie raaksien nie – dat dit 'n *opkomende Europa* is wat die wêreld se topsupermoondheid sal word namate die wêreldgeskiedenis sy hoogtepunt by Armagéddon bereik.

Waar pas die Midde-Ooste in dit alles? "*Armagéddon*" is die weergawe van die Engelse woord wat uit Grieks vertaal is en afkomstig is van die Hebreeuse *har Megiddo*, wat verwys na 'n bergagtige gebied langs die vlakte van Jisreël – waar die wêreld se leërs bymekaar sal kom ter voorbereiding vir die geprofeteerde stryd wat sal plaasvind aan die einde van die tyd met Jesus Christus se Wederkoms. Hierdie "*Armagéddon*" is ongeveer 88 kilometer noord van Jerusalem – die stad wat die uiteindelike middelpunt van wêreldkonflik sal wees.

Ons lees in die Skrif dat voor Christus se Wederkoms, "Jerusalem sal vertrap word deur nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Lukas 21:24). Om Bybelse profesieë te verstaan, is dit nodig dat ons weet: Wie is die nasies? Wat is die geheimsinnige "tye van die nasies"?

**Gevaar in die Midde-Ooste**

Hoe sal ons weet dat ons naby die einde van hierdie huidige tydperk is? Die Bybel openbaar groot profetiese gebeure waarvan ons bewus behoort te wees. Jesus Christus, ons Verlosser, was ook die belangrikste beriggewer van nuus en Profeet wat nog ooit geleef het en Hy waarsku ons oor 'n groot eindtydse profetiese teken: "EN wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is" (Lukas 21:20). Natuurlik was en is daar reeds vir duisende jare oorlog in en om Jerusalem aan die gang. In 1967 het die oostelike deel van die stad onder Israeliese beheer gekom en vir die eerste keer in duisende jare was daar 'n verenigde Jerusalem onder beheer van 'n Joodse staat. Selfs daardie Sesdaagse Oorlog sal onbeduidend voorkom in vergelyking met wat voorlê.

Daardie toekomstige aanval op Jerusalem sal nié goed eindig vir die stad se Joodse inwoners nie. Christus het voorspel: "... hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Lukas 21:24). Let op dat hierdie 'n profesie vir die toekoms is, nie net 'n beskrywing van iets wat in die verlede gebeur het nie. Tydens vorige invalle van die Grieke asook die Romeinse Ryk, is die mense van Jerusalem nie na "alle nasies" geneem nie. Ons sien dat selfs tydens die Babiloniese verowering van Juda in 586 v.C. is die Jode hoofsaaklik na een nasie geneem, eerder as om oor die vreemde verstrooi te word, soos in die geval van die

noordelike koninkryk van Israel.

Gedurende hierdie toekomstige tydperk, wanneer leërs van regoor die wêreld, óm Jerusalem sal saamtrek, word God se volk wat daar woon, aangespoor om te vlug weens "groot nood in die land" (Lukas 21:1-23). Diegene wat nie daarin slaag om te ontvlug nie, sal as "krygsgevangenes geneem word na al die nasies" en hierdie verwoesting sal voortduur, want "Jerusalem sal vertrap word totdat die tye van die nasies vervul is" (vers 24).

Om hierdie aanslag op Jerusalem te verstaan en die "tye van die nasies" te identifiseer wat sal volg, is noodsaaklik vir ons om die eindtydse Bybelse profesieë te begryp. Wat is dus die "tye van die nasies" en wat dít betref – wat is 'n "nasie [heiden]"?

**Heidene en Israeliete**

In die konteks van u Bybel is "heidene" die volke van die wêreld wat nie afstam van die antieke aartsvader Jakob, wie se naam na Israel verander is nie (Génesis 32:28). Dit is maklik genoeg om uit te ken dat nasies soos China en Japan nie afstammelinge van Israel is nie. Rusland en Duitsland is twee ander prominente nie-Joodse nasies.

Vandag weet baie mense egter nie wie die hedendaagse afstammelinge van die antieke stamme van Israel is nie. Jakob het twaalf seuns gehad. Sy seun Juda is die patriarg van die stam van Juda, van wie die moderne Joodse volke afstam. Van sy ander seuns was die voorouers van wat soms die "tien verlore stamme" genoem word. Dit het die nasie net noord van Juda gevorm wat in Assiriese ballingskap weggevoer is – meer as 'n honderd jaar voordat Juda verower is deur die Babiloniese invallers.

Lesers wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif al vir 'n geruime tyd lees, is bewus daarvan dat die noordelike koninkryk van Israel, wat in 721 v.C. in Assiriese ballingskap weggevoer is, aanskou het hoe hulle volke ná hulle vrylating verstrooi is toe die Assiriese Ryk omvergewerp is. Baie van hulle het na die noordweste gereis en hulle in die verre uithoeke van Europa gevestig. Regdeur die Israelitiese geskiedenis, wanneer hulle met nie-Israelitiese stamme in kontak gekom het, het hulle baie nie-Israelitiese gebruike as hulle eie aanvaar. Hierdie volke sluit die nasies van Britse afkoms in met inbegrip van die Verenigde State, asook die Franse, Switsers en Nederlanders. Vir 'n volledige verduideliking van hierdie en ander nasies van Israelitiese afkoms, lees ons kragtige publikasie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* wat aanlyn beskikbaar is by *wvm.co.za* of bestel u eie gratis gedrukte eksemplaar van u naaste streekkantoor (lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

**Heidense Babilon**

Die Babiloniërs – die nasie wat antieke Juda in ballingskap weggevoer het – was 'n nie-Joodse nasie wat lank gelede in die land Sínear tot stand gekom het. Babilon was 'n ryk, magtige en vasbeslote nasie en hulle het hulle mag gebruik om die Skepper-God uit te daag en hulle selfs versit teen Hom. Die Skrif beskryf Babilon se trotse houding soos wat die land se mense dit self verklaar het: "Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie" (Génesis 11:4).

U het dalk al kunsuitbeeldings van die toring van Babel gesien. Die meeste van u ken die verhaal: God het die taal van die volke in dié gebied verwar en dit het veroorsaak dat hulle nie meer verenig was nie. "So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi" (Génesis 11:8-9). In een hoogaangeskrewe Bybelkommentaar verskyn 'n opmerking in verband met hierdie mense dat "hulle eie verdere verstrooiing uit Babel (vv. 8f.) opgeteken is as 'n buitengewone oordeel oor hulle blatante verpersoonliking van die goddelose gees wat weer ná die Vloed die menslike beskawing gekenmerk het … Die *stad* word weereens die kulturele fokus van toenemende menslike arrogansie" (vergelyk Génesis

4) (*The New Bible Commentary: Revised*, 1970, bl. 91).

Kan ons sien dat die "toenemende menslike arrogansie" van Babilon ook vandag se baie algemene anti-God gesindheid beskryf? God het daardie gesindheid in die verlede tot 'n val gebring. Tog lees ons dat dit in die toekoms weer sal herleef. Die apostel Johannes skryf:

> "EN ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid" (Openbaring 18:1-3).

Hoe behoort ons op sulke goddeloosheid te reageer? God waarsku ons om nie deel te neem aan die sondes van die toekomstige herlewing van Babilon nie. Johannes skryf: "En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou" (Openbaring 18:4-5).

Nee, geagte Leser, u wíl nie deel wees van die heidene se rebellie teen God nie. U wil nie die plae beleef wat Babilon in die verlede getref het en wat Babilon weer in die toekoms sal tref nie. Die eindtydse stelsel met die naam, Babilon die Grote, (vergelyk Openbaring 17 en 18) sal 'n alliansie van ekonomiese oorheersing, militêr-politieke mag en valse godsdiens wees. Dit is nodig dat u op die uitkyk sal wees vir die tyd wanneer die heidene "die heilige stad twee-en-veertig maande lank [sal] vertrap" (Openbaring 11:2).

**Nebukadnésar se droom**

Die geskiedenis van die nasies wat God en Sy volk teëgestaan het, het duisende jare terug al begin. Die koning van Babilon, Nebukadnésar, het 'n geheimsinnige droom gehad van 'n groot beeld met 'n kop van goud. Die betekenis daarvan kon slegs deur die profeet Daniël uitgelê word. Daniël het vir koning Nebukadnésar gesê: "... ú is die hoof van goud" (Daniël 2:38). Onder die kop van goud het die beeld in Nebukadnésar se droom 'n bors en arms van silwer gehad, 'n buik en dye van brons, bene van yster en voete van yster en klei gemeng.

Daniël het verduidelik dat Nebukadnésar se ryk vervang sou word deur 'n ander ryk wat verteenwoordig word deur die bors en arms van silwer, wat ons as die Medo-Persiese Ryk ken. Dit sou gevolg word deur die buik en dye van brons, wat ons ken as die Grieks-Masedoniese Ryk – die ryk wat met groot invloed onder Alexander die Grote versprei het. Die bene van yster is wat ons as die Romeinse Ryk ken, wat van 27 v.C. tot 476 n.C. oor Europa, Noord-Afrika en die Midde-Ooste versprei het. Die voete van yster en klei gemeng verteenwoordig 'n toekomstige herlewing van daardie Ryk.

Dit klink alles dalk interessant, maar hoe kan ons *seker* wees? Ons kan, want die Bybel vertolk sélf die Bybel. Die boek Openbaring openbaar die geskiedenis en toekoms van die Romeinse Ryk: "Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings; vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf" (Openbaring 17:9-11). Hier sien ons dat die koppe verteenwoordigend is van berge – 'n Bybelse simbool van regerings of koninkryke. Hierdie sewe koppe verteenwoordig sewe *opeenvolgende* konings wat elkeen 'n herlewing van die oorspronklike koninkryk is.

Die eerste kop van die skarlakenrooi dier (Openbaring 17:3) verteenwoordig die eerste herlewing, naamlik die herstel van die Ryk onder Justinianus in

554 n.C. Die volgende herlewing het betrekking op Karel die Grote, wat op 25 Desember 800 n.C. as keiser in Rome gekroon is. Daaropvolgende herlewings het onder Otto die Grote, Charles V en Napoleon plaasgevind. Die sesde van die sewe herlewings het in 1945 geëindig met die val van Mussolini.

**Nog een heidense herlewing**

Selfs vandag hoop baie Europeërs dat die Europese Unie tot 'n nuwe Romeinse Ryk sal ontwikkel. Waar kry moderne Europeërs egter hierdie idee vandaan? Van *vorige* herlewings van die Romeinse Ryk. Let op die ooreenkomste tussen hoofstukke 2 en 7 van die Ou-Testamentiese boek Daniël, asook hoofstukke 13 en 17 van die Nuwe-Testamentiese boek Openbaring. Hieruit kan ons die volgorde van geprofeteerde koninkryke begin verstaan.

Die geskiedenis het die akkuraatheid van Bybelse profesieë bewys. Ryke het tot stand gekom en tot 'n val gekom – net soos die Bybel voorspel het. Die heel laaste ryk moet egter nog tot stand kom. Watter ryk sal dit wees? Let op hierdie opmerking oor Openbaring 17:11 in die nota aan die kantlyn van die *New Catholic Edition* van die Bybel, wat uit die Latynse Vulgaat vertaal is en ook bekend is as die *Douay-Rheims*-weergawe: "Die dier waarvan hier gepraat word, blyk die Romeinse Ryk te wees, soos in hoofstuk 13".

Soos ander Bybelgeleerdes erken, verteenwoordig die diere van Openbaring 13 en 17 die Romeinse Ryk. Die *New Catholic Edition* maak hierdie opmerking oor Openbaring 13:1: "Die beeld van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier is die voorstelling van koninkryke van die wêreld, koninkryke wat gegrond is op passie en selfsug, wat in elke eeu teenstaanders van Christus was en probeer om die dienaars van God te onderdruk. Imperiale Rome verteenwoordig hierdie mag".

Ja, selfs hierdie *Rooms-Katolieke* Bybel erken die identiteit van die dier!

**Twee-en-veertig maande van heidense heerskappy**

Die profeet Daniël openbaar 'n tyd van wêreldwye rampspoedige omwenteling: "En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie" (Daniël 12:1). Daardie tyd is dieselfde tyd wat beskryf word in Openbaring 13, wat die bose invloed en mag van die dier openbaar:

> "En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal* wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie" (Openbaring 13:6-8).

Die heidense diermoondheid sal sy invloed oor die hele wêreld uitoefen. God sal egter sy tyd beperk tot net twee-en-veertig maande oftewel drie-en-'n-half jaar. "En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen" (Openbaring 13:5).

Dit is dieselfde tydperk waarvan ons vroeër in Lukas 25 gelees het, waar Jesus 'n tyd beskryf wanneer heidene – nie Jode nie – vir 'n kort tydjie weer in Jerusalem sal regeer. Onthou dat, alhoewel 'n groot deel van Wes-Europa uit afstammelinge van die stamme van antieke Israel bestaan, Duitsland nie een van hulle is nie – ook nie na die ooste van Duitsland nie – daar is die Russiese volke of die Chinese. Dit is vanuit dié heidene dat 'n geprofeteerde leër van 200 miljoen man bymekaar gemaak sal word om weswaarts oor die Eufraatrivier na Armagéddon te marsjeer en verder na Jerusalem om teen die terugkerende Christus te veg (Openbaring 9:14-19).

Jesus verklaar dat hierdie 'n unieke tyd in die menslike

geskiedenis sal wees – 'n tyd wat so gevaarlik sal wees dat slegs Sy Wederkoms die mensdom sal verhoed om hulleself te vernietig. "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéüs 24:22).

Die apostel Johannes sê aan ons:

> "EN 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap. En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer" (Openbaring 11:1-3).

Tydens die heidene se drie-en-'n-half jaar lange beheer van Jerusalem sal gevaarlike tye, wat die Groot Verdrukking (Matthéüs 24:21) sowel as die Dag van die Here of "die groot dag van sy toorn" insluit (Openbaring 6:16-17) wat gevolg sal word deur die slag van Armagéddon – meer presies gestel, "vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (Openbaring 16:14). Om meer te wete te kom oor die dramatiese gebeure gedurende hierdie tydperk, bestel gerus ons kragtige en maklik leesbare publikasie *Armageddon en daarna*.

**Oorlog teen Christus**

Daar bly nog een finale herlewing van die Romeinse Ryk oor om vervul te word. Hierdie toekomstige herlewing sal bestaan uit tien konings of koninkryke wat verenig is as deel van die simboliese dier. Let op na verwikkelings in Europa. Neem die opkoms van die volgende wêreld-supermoondheid in oënskou. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier" (Openbaring 17:12-13). Let op die tyd van hierdie finale herlewing. "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:14).

Ja, hierdie eindtydse militêre mag sal misluk in die oorlog teen Christus. Dit sal plek maak vir die Koninkryk wat vir ewig sal bestaan – die Koninkryk van God, wat regeer sal word deur die Koning van die konings en Here van die here. Hy sal 'n toekomstige bedrieglike godsdiensleier vervang wat dramatiese wonderwerke sal verrig. Daardie leier sal godsdienstige geesdrif oor die hele wêreld opwek:

> "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:11-13).

**Christus se glorieryke oorwinning – ook ú oorwinning**

Hoe sal die tye van die heidene tot 'n einde kom? "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Dit sal 'n wonderlike tyd wees vir opgestaande Christene, aangesien hulle die ewige lewe en die groot voorreg sal ontvang om onder Christus oor die aarde te regeer (Openbaring 5:10). Dit is God se beloning vir diegene wat Sy opdrag gehoorsaam om hulle te bekeer en gedoop te word asook

*Vervolg op bladsy 19*

# Maak doop saak?

## Deur Rod McNair

Het u al ooit gewonder of die doop werklik belangrik is vir ware Christene? Het u dit al ooit bevraagteken of u op die regte wyse gedoop is? Ons kan dankbaar wees dat God hierdie vrae duidelik beantwoord in Sy geïnspireerde Woord, die Bybel.

Vir eeue lank is baie – dalk die meeste – belydende Christene met water besprinkel tydens die doop. Hoe het hierdie gebruik ontstaan? Is dit Bybels? Professor K.S. Latourette skryf in *A History of Christianity*, dat hoewel besprinkeling aanvanklik net gebruik was vir diegene wat te siek was vir onderdompeling, dit sedertdien alledaags geword het.

Die popularisering van die kinderdoop kan aan *Augustinus of Hippo*, toegeskryf word, wat tydens die laat vierde en vroeë vyfde eeu n.C. geskryf het. Hy het geglo dat kinders met "erfsonde" gebore word en daarom so gou as moontlik deur die doop gereinig moes word. Martin Luther het voortgebou op Augustinus se leerstelling deur te beweer dat die doop die baba deur geloof verander, reinig en vernuwe. Kinderdoop het uiteindelik gewild geraak as gevolg van die valse idee dat 'n baba wat gesterf het voordat hy gedoop is, veroordeel sou word. Om meer te wete te kom oor God se ware plan vir babas en ander mense wat sterf sonder dat hulle die geleentheid gehad het om die ware Evangelie te hoor en te aanvaar, bestel ons gratis publikasie, *Is Hierdie die Enigste Dag van Redding*? of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*.

Die probleem met kinderdoop is dat dit geen bekering of toewyding vereis nie! Soos ons sal sien, moet die doop op ware bekering volg. Bekering vereis egter dat mense volwasse genoeg behoort te wees om hulle behoefte ten opsigte van hulle bekering te erken asook om te verstaan hoe om hulle te bekeer.

**'n Volwasse keuse om te verander**

Wat sê die Bybel oor die doop? Die apostel Petrus beveel: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Hierdie woorde van Petrus leer ons twee dinge: Eerstens is die doop noodsaaklik vir alle Christene. Let daarop dat Petrus *nie* gesê het: "Bekeer julle as julle wil nie; dit sal lekker wees as sommige van julle besluit om gedoop te word". Hy het hulle *beveel:* "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word". Tweedens is daar 'n proses rondom die doop – bekering en erkenning van Jesus Christus as Verlosser, gevolg deur die doop, waarna 'n ware ingeseënde dienaar van Jesus Christus die hande op die gedoopte persoon lê sodat God Sy Heilige Gees kan oordra.

Die woord "bekering" kom van die Griekse woord *metanoeó*, wat beteken "om 'n mens se denke of doel te verander" en om "die innerlike mens te verander" ("3340. *metanoeó*," *BibleHub.com*). Bekering beteken letterlik om te verander en 'n ander lewenswyse te begin volg. Dit vereis die vermoë om 'n mens sélf krities in die lig van die Bybel te analiseer, 'n bewustelike besluit te neem om te verander en om met woord en daad te begin leef volgens God se opdragte. Die doop vereis die optrede van 'n volwassene – selfs die meeste tieners het nog nie die verstandelike vermoë of lewenservaring om hierdie diep geestelike toewyding te verstaan en te maak nie.

**Besprinkeling of onderdompeling?**

God het Johannes die Doper geïnspireer om te doop waar daar baie water was: "En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was" (Johannes 3:23). Bo en behalwe dit, "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim" (Matthéüs 3:16).

Christus het duidelik in die

rivier gestaan, nie op die rivieroewer nie. Indien die doop net genoeg water nodig gehad het om besprinkel te word, sou Christus nie in die water gestaan het nie en "baie water" sou nie nodig gewees het vir Sy doop nie – Johannes kon dan maklik 'n emmer of watersak gebruik het. Die Griekse woord wat doop in die Bybel aandui, is *baptizo*, wat beteken om ónder die water te wees. Let daarop dat God nie die gebruik van Griekse woorde geïnspireer het wat beteken om te besprinkel of uit te giet nie.

Die doop simboliseer die begrafnis van die ou sondige self in 'n watergraf. Om uit die water op te staan, verteenwoordig 'n mens se opstanding as 'n nuwe mens wat 'n nuwe lewe sal leef – 'n lewe waar sonde nie meer sal heers nie (Romeine 6:3-6). God verwys eintlik na berouvolle Christene as 'n "nuwe skepsel" in Christus (2 Korinthiërs 5:17). Paulus verwys na die doop as die "bad van die wedergeboorte" (Titus 3:5). 'n Christen se doop beeld Christus se dood en opstanding uit (Romeine 6:1-6). Die ou sondige mens "sterf" en word in die watergraf begrawe, sondes word weggewas en die gedoopte persoon kom verander en nuut daarna uit die watergraf. Die handeling en simboliek van die doop is vir God uiters belangrik.

**Christus se opdrag en voorbeeld**

God het die doop *beveel* en het die voorbeeld gestel deur dit te doen. Een van Christus se laaste opdragte aan Sy Apostels was: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matthéüs 28:19). Die ware Seun van God het Sy Apostels beveel om dissipels van al die nasies te maak en om hulle te doop. Ons het vroeër gelees van Petrus se opdrag aan die skare (Handelinge 2:38). Christus Sélf is gedoop volgens Sy Vader se wil, deur onderdompeling as 'n voorbeeld vir ons (Matthéüs 3:13-15).

Ons het die doop nodig omdat ons God se vergifnis nodig het. Ons lees: "... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23). "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie" (1 Johannes 1:8). Ons almal sondig en "die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). Omdat ons sondig, het ons God se vergifnis en vrywaring van die doodstraf nodig. Wat is sonde? Sonde is wetteloosheid (1 Johannes 3:4). Voor die doop moet ons 'n diepe besef hê van ons behoefte om ons rug te keer op ons vorige verwerping van God se Wet in ons lewens.

Christus het Sy bloed gestort sodat ons vergewe kan word nadat ons ons van ons sondes bekeer het. Sonder fisiese doop kan ons sondes egter nie "afgewas" word nie. Petrus het nie gesê om net "u hart aan die Here te gee nie". Hy het gesê dat hulle hul moet *bekeer* en *gedoop* word (Handelinge 2:38). Vandag is daar verwarring oor die konsep om 'n mens se lewe aan God te gee. Baie mense dink dat, sodra Christus as Verlosser erken is en 'n "liefde" vir Hom bely is, geen ander optrede nodig is om God se Koninkryk binne te gaan nie. Om 'n mens se "hart werklik aan die Here" te gee, behels egter volledige onderwerping van 'n persoon se eie wil aan God, gevolg deur 'n gewilligheid om 'n lewe volkome volgens God se riglyne te lei. Om ons sondes "af te was" vereis die optrede wat God beveel het – opregte berou van sonde en om die ou sondige self deur die waterdoop te begrawe, asook om Christus as ons persoonlike Verlosser te aanvaar en ons denke en wil, wérklik aan God oor te gee.

By die doop verbind ons ons ook aan God se lewenswyse. Ons kan nooit redding "verdien" nie, tog verwag God van 'n ware Christen om homself te verbind tot 'n lewe wat Jesus Christus se lewe weerspieël (Efésiërs 4:1). Lukas sê: "Dra dan vrugte wat by die bekering pas" (Lukas 3:8) en tree op volgens God se verwagting van ons. Die doop is 'n keerpunt vanwaar ons die toekoms tegemoet gaan as 'n nuwe mens. Die apostel Paulus skryf: "Ek ... jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus" (Filippense 3:14). Hy het ook sy toekomstige lewenswyse na die Koninkryk van God gedemonstreer. Hierdie doen en late het begin by Paulus se doop en het nie opgehou met sy dood nie. So ook is ons doop 'n beginpunt, 'n tydperk van waar

ons ons ten volle verbind om God se lewenswyse uit te leef, 'n punt vanwaar ons ons geestelike vooruitgang meet.

Jesus Christus het duidelik beklemtoon wat Hy en die Vader van ons verwag: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matthéüs 7:21). Christus wíl hê dat ons Hom sal liefhê en aanvaar as ons Verlosser en Hy verwag ook van ons om God se Wet te gehoorsaam indien ons Hom werklik lief het (Johannes 14:15).

**Begrawe om op te staan**

Deur die doop begrawe ons simbolies ons ou self en kom op uit die water na 'n "nuwe lewe" (Romeine 6:1-6). Hierdie optrede demonstreer ons toewyding om God se lewenswyse fisies, verstandelik en geestelik uit te leef. Met bekering van ons sondes, belowe ons aan God dat ons ons van sonde sal "distansieer" en ons lewe volgens Sy wil sal leef. Hierdie voortdurende proses van bekering behels ons strewe – met God se hulp – om op te hou sondig. Ons sal nie meer doelbewus die Tien Gebooie oortree nie. Ons sal die sewendedag Sabbat en die jaarlikse Heilige Dae van Levítikus 23 met vreugde onderhou en ons sal daarna streef om God in elke opsig te gehoorsaam. Hierdie optrede demonstreer ons verbintenis met God deur die doop.

Die Bybel laat geen twyfel dat, tensy ons gedoop word en die gawe van die Heilige Gees ontvang, ons nie die Koninkryk van God kan binnegaan nie. Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie" (Johannes 3:5). Hy het ook gesê: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:16). Om uiteindelik in God se Koninkryk in te gaan, moet ons eers glo, ons bekeer, gedoop word en God se Heilige Gees ontvang. Sonder hierdie aanvanklike stappe is dit onmoontlik om God se Koninkryk binne te gaan. Die Bybel is *baie* duidelik hieroor.

Selfs in die unieke en uitsonderlike geval van Cornelius wys God vir ons die noodsaaklikheid van die doop. Cornelius en sy huisgesin het die Heilige Gees *voor* die doop ontvang (Handelinge 10:44-46). Let egter op Petrus se woorde nadat die Heilige Gees op hierdie nie-Joodse bekeerlinge uitgestort is. "Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here" (verse 47-48). *Dit* is hoe belangrik die doop is. Na aanleiding van Cornelius se voorbeeld het, diegene wat sê dat hulle die Heilige Gees het, maar die waterdoop verwerp, in werklikheid nie die Heilige Gees het nie!

**Waarvoor is die doop?**

Die opwindende waarheid is dat ons na bekering, doop en ontvangs van God se Heilige Gees, waarlik die pad van oorwinning kan begin stap wat uiteindelik na die Koninkryk van God lei. "Hy wat oorwin, sal alles beërwe, en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openbaring 21:7). Dié wat oorwin sal alles beërwe en God se kinders genoem word!

Wat het die apostel Johannes bedoel toe hy geskryf het Christene "sal alles beërwe"? Kyk net rond in hierdie natuurlike wêreld. Kyk na die sterre, die berge, die see, die bome en die riviere. Alles wat gemaak is behoort aan ons groot Skepper-God. Wanneer ons alle dinge as Sy kinders erf, sal dit alles ook ons s'n wees! Dit is die plan van ons groot en liefdevolle Vader in die hemel en Sy Seun, Jesus Christus. Om deel te hê in daardie plan, vereis God die doop van ware Christene! Vir meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp, vra gerus ons gratis boekie aan: *Behoort u Gedoop te word?* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Werk moderne moraliteit?

## Deur Gerald E. Weston

Gedurende die twintigste eeu het dramatiese veranderings in morele gedrag plaasgevind – veral in die Weste en hoofsaaklik in Europa en die Engelssprekende mense van Noord-Amerika, Australië en Nieu-Seeland [asook in Suid-Afrika]. Tot 'n groot mate was en is dit die resultaat van Darwinisme – die idee dat die mensdom die produk van blote toeval is en daarom geen blywende of voortreflike doel het nie. Soos die apostel Paulus dit stel: “As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!” (1 Korinthiërs 15:32).

Die gruweldade van die twee Wêreldoorloë het ook veroorsaak dat mense die feit bevraagteken het hoe so 'n bloedbad kon plaasvind indien 'n liefdevolle God werklik bestaan. Penisillien en die “voorbehoedpil” het 'n rol gespeel om mense te bevry van twee van die grootste vrese vir intimiteit buite die huwelik: swangerskap en siekte. Persepsies het verander, maar die probleme het dieselfde gebly. Seksueel oordraagbare siektes is algemeen teenwoordig, aftakelend en dodelik.

Daar was ook die intellektueles, die wêreldse evangeliste van die nuwe moraliteit: Sigmund Freud, Alfred Kinsey, William Masters, Virginia Johnson, Edward Brecher en ander geleerdes wat hulle daarop toegespits het om ons te bevry van ons onderdrukkende Victoriaanse verlede – die ander uiterste. Ongeag die oorsaak – die gevolge was dramaties. Gedrag wat voorheen skandelik was, word nou as normaal en selfs as prysenswaardig beskou.

**'n Dramatiese verskuiwing**

In die Westerse kultuur was daar voorheen, ten minste in naam, 'n bewussyn van God en onder baie mense ook 'n sterk geloof in Sy bestaan. Christene asook Jode het in 'n mate staat gemaak op die Skrif – spesifiek op die Tien Gebooie – as die riglyn vir gedrag. Daardie reëls het menslike gedrag in toom gehou, maar gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het geloof in God en moraliteit onder hierdie nasies heeltemal agteruitgegaan, net om selfs vinniger in die eerste twee dekades van die een-en-twintigste eeu nog vinniger in 'n afwaartse spiraal ineen te stort.

Wêreldse humanisme het die Tien Gebooie in howe en opvoedkundige instellings vervang. Is dit egter waar dat daar 'n etiese sosiale orde kan wees buiten die geloof in 'n gesaghebbende God? Die probleem is dat mense nie kan saamstem oor wat moreel en eties is nie.

'n Vinnige internetsoektog oor egbreuk bewys hierdie feit. Michael W. Austin, PhD, het in *Psychology Today* geskryf: “In my etiekkursusse bespreek ek kwessies in verband met gesinsetiek met my studente wat betrekking het op die huwelik en ouerskap. Ons bespreek dikwels 'n kort verhandeling deur die hedendaagse filosoof Richard Wasserstrom, '*Is Adultery Immoral?'* Ek glo die antwoord is 'n duidelike ja” (“*What's Wrong With Adultery*?” 1 Augustus 2011). In 'n ander kort verhandeling in *Psychology Today*, het Clifford N. Lazarus, PhD, geskryf: “Met ander woorde, daar is gesonde asook ongesonde redes om buite-egtelike verhoudings te hê. Ironies genoeg kan 'n huwelik in sommige gevalle deur so 'n verhouding versterk word” (“*Is Everything We Think We Know About Adultary Wrong?*” 17 Julie 2013).

Alhoewel die meeste getroude egpare dus glo dat dit moreel reg is dat ons maats getrou aan ons sal wees, stem nie almal saam nie. Austin asook Lazarus benader die onderwerp deur middel van die menslike rede en bied argumente aan beide kante van die vraag aan. Menslike rede alleen, sonder om God in ag te neem, is niks meer as 'n opinie en filosofie nie – tans die kurrikulum van onderwys op alle vlakke.

Thomas Paine het tussen 1794 en 1807, *The Age of Reason* in drie dele, gepubliseer. Paine, 'n deïs ['n persoon wat

God aanvaar as Skepper op grond van sekere redes maar Hom nie aanvaar as onderhouer van Sy skepping nie], het in 'n hoër mag geglo, maar het geopenbaarde kennis verwerp soos gevind in die belangrikste godsdienste en godsdienstige geskrifte, met inbegrip van die Bybel. Paine het menslike rede aangemoedig as 'n plaasvervanger vir Goddelike openbaring.

Is dit nie tyd om tot stilstand te kom en te vra of die rigting wat die mensdom gekies het om in te slaan, regtig werk nie? Wat is die feite? Daar kan boeke vol oor die onderwerp geskryf word, maar vir die beperkte spasie wat in hierdie artikel beskikbaar is, laat ons net na drie aspekte van ons "nuwe moraliteit" kyk.

**1: Dit is nie goed vir huwelike nie**

Die mense redeneer dat dit goed is om iemand voor die huwelik uit te toets – amper soos 'n mens 'n motor sal toetsbestuur voordat u dit koop – om te bepaal of hy of sy versoenbaar is met u. Dit is die meerderheid mense se siening. Volgens 'n 2016-artikel van *National Health Statistics Reports:* "In 2011-2013 het 60% van vrouens en 67% van die mans saamgestem: 'Om saam te woon voor die huwelik kan help om egskeiding te voorkom'" ("*Trends in Attitudes About Marriage, Childbearing, and Sexual Behavior: United States, 2002, 2006-2010, and 2011-2013*," 17 Maart 2016).

Dít is die mening van baie mense, maar menslike redenasie en algemene denkwyse stem nie altyd ooreen met die feite nie. Reeds so vroeg as in 2002 het David Popenoe van die Rutgers Universiteit en mededirekteur van die *National Marriage Project,* bevestig dat wanneer dit by saamwoon kom, skiet menslike redenasie ver tekort:

> In baie studies is bevind dat diegene wat voor die huwelik saamwoon, minder bevredigende huwelike het en 'n aansienlik groter kans het om uiteindelik uitmekaar te gaan. Een rede is dat mense wat saamwoon, dalk meer sku is om 'n verbintenis aan te gaan en meer geneig is om tou op te gooi wanneer probleme opduik. Daarbenewens kan saamwoon dalk lei tot gesindhede wat gelukkige huwelike moeiliker maak ("*The Top Ten Myths of Marriage*," *National Marriage Project*).

Jay Teachman van die *Western Washington* Universiteit het dit soos volg verduidelik in 'n studie met die titel "*Premarital Sex, Premarital Cohabitation, and the Risk of Subsequent Marital Dissolution Among Women*":

> Een van die heel sterkste punte wat voorspel word vir egskeiding wat in die literatuur verskyn het, is voorhuwelikse saamwoon. In verslae wat begin is deur Booth en Johnson (1988) en Bennett, Blanc en Bloom (1988), het feitlik alle studies rakende die verhouding tussen voorhuwelikse saamwoon en egskeiding 'n duidelike verband gevind (*Journal of Marriage and Family*, Mei 2003).

Teachman het dié punt verder beklemtoon en het vyf verdere studies aangehaal: "Een van die duidelikste omskrewe verwante gevolge van saamwoon, is 'n verhoogde risiko vir ontbinding van 'n huwelik. Huwelike wat deur 'n tydperk van saamwoon voorafgegaan is, is soveel as 50% meer geneig om op enige tydstip in egskeiding te eindig, as huwelike wat nie deur saamwoon voorafgegaan is nie".

Dit is betekenisvol dat hulle hierdie bevindings nie verwag het nie – wat die gevolgtrekkings van Teachman en sy span selfs meer geloofwaardig maak. "Vroeë navorsers het hulle verbasing uitgespreek oor hierdie uitslag omdat daar soms bespiegel was dat voorhuwelikse saamwoon as 'n siftingsproses sou dien wat paartjies in staat kon stel om 'n maat te kies met wie hulle 'n suksesvolle huwelik kan aangaan".

**2: Dit is nie goed vir kinders nie**

Onbeplande swangerskappe is algemeen binne die huwelik.

Hoeveel van ons was dalk self 'n “ongelukkie”? Binne 'n huwelik is 'n ma én 'n pa beskikbaar om 'n kind lief te hê en te versorg, selfs wanneer dit 'n onbeplande swangerskap was. 'n Kind wat buíte 'n stabiele ouerverhouding in die wêreld kom, is egter in 'n heel ander situasie.

Volgens die tydskrif *Time*, in 'n artikel deur Amy Sullivan met die titel “*Behind the Boom in Adult Single Motherhood,”* is die hoogste koers van onbeplande swangerskappe onder enkellopende vroue in hulle *twintigs* en nie tieners, soos baie mense sou dink nie. Sewe uit elke tien swangerskappe onder hierdie vroue bo twintig was onbeplan – wat 'n probleem skep. Baie vroue kies om hulle probleem te aborteer, maar aborsie is nie altyd so eenvoudig soos wat mense dink nie. Vir baie vroue, skep aborsie langdurige, *onverwagte* sielkundige probleme. Daar is ook diegene wat die keuse maak om wel geboorte te gee. Dit is prysenswaardig indien die omstandighede en beperkte keuses in ag geneem word. Wat, indien enige, is egter die gevolge vir die ma en ook die kind? Sullivan beweer: “Een studie na die ander het getoon dat babas wat vir ongetroude moeders gebore word, 'n groter risiko loop om in armoede te eindig en dat die moeders self opvoedkundige en ekonomiese verknorsing in die gesig staar”.

Wat van die drie-uit-tien enkellopende ongetroude vroue in hulle twintigs wat inderwaarheid *beplan* om 'n kind te hê buite die huwelik? Baie verskonings word gegee oor waarom so baie vroue verkies om babas te hê voor die huwelik. Een verskoning is dat vandag se mans dikwels nie finansieel gereed is om 'n gesin te onderhou nie. Is hierdie redenasie geldig? Die adviesrubriekskrywer Emily Yoffe, wat onder die naam *“Prudence”* vir die aanlyn-tydskrif, *Slate* skryf, het die volgende in reaksie op hierdie argument te sê gehad:

> “Die geleerde Kay Hymowitz … draai die argument om en sê dit is nie omdat strawwe ekonomiese toestande daartoe lei dat vroue, buite 'n huwelik, kinders in die afwesigheid van 'n vader kry nie, maar dat die besluit om kinders buite die huwelik, sonder vaders te hê, lei tot strawwe en voortdurende ekonomiese toestande. Sy verduidelik dat die oortuiging dat 'n standvastige huwelik sentraal in 'n mens se lewe is – dat dit die begin van 'n gesin voorafgaan en vroue en mans aanmoedig om belangrike keuses te maak wat gebaseer is op selfdissipline en deeglike oorweging. Hierdie is 'n formule wat noodsaaklik is vir finansiële groei – kwaliteite wat des te meer belangrik is om kennis te dra van 'n moeilike nuwe ekonomiese situasie” (“... *And Baby Makes Two,*” *Slate.com*, 20 Maart 2008).

Me Yoffe se artikel beskryf die situasie van enkelouerskap in Amerika as “'n nasionale ramp”. Hoewel sy die belangrikheid van die huwelik en gesin ondersteun, het lesers met 'n verskeidenheid verskonings gereageer: “Om 'n kind te hê, is spanningsvol en lewensveranderend genoeg. Ouers behoort volgens hulle tydskedule aan hulle verhouding te werk”. “Ek voel 'n baba is op sigself 'n seën. Kry daardie seën voordat u trou”. “Hoe durf u te kenne gee dat 'n onverwagte swangerskap tot 'n huwelik behoort te lei?”

Let daarop dat al hierdie reaksies op emosies gebaseer is – nie op feite nie. Me Yoffe is daarvan beskuldig dat sy “eenvoudig uit voeling is met die moderne kultuur”. Sy antwoord toe:

> “Dit mag wees. Dit beeken egter ook dat die moderne kultuur uit voeling is met die behoeftes van kinders. Sommige navorsers identifiseer buite-egtelike geboortes as die hoofoorsaak vir die toenemende sosiale klassifisering en ongelykheid van die Amerikaanse lewe – die eerste stap wat kinders in 'n steeds meer rigiede maatskaplike groep plaas. Studies het bevind dat kinders wat vir enkelmoeders gebore

word, baie meer geneig is om arm te wees, gedrags- en sielkundige probleme te hê, om uit te sak op hoërskool en om dan self ook buite-egte-like kinders te hê".

Die probleem met menslike redenasie is dat emosies en agendas in die pad van rasionele denke staan. Selfs wanneer emosies en agendas nie teenwoordig is nie, is rasionele *menslike* redenasie nie altyd die beste oplossing nie (Spreuke 14:12; 16:25). Ongelukkig word kinders soms vir al die verkeerde redes verwek. Die gevolge is nie goed vir kinders nie. Om me Sullivan weer aan te haal: "Vroue is ook kwesbaar wat betref die wanopvatting dat 'n swangerskap – selfs onbeplan – 'n verhouding kan versterk en 'n paartjie nader aan mekaar kan bring. Trouens, al die statistieke wys dat babas spanning in verhoudings meebring; meer paartjies se paadjies loop uiteindelik uiteen … in plaas daarvan dat hulle trou".

In vandag se post-moderne wêreld maak feite blykbaar nie saak nie. Ons leef nou in 'n tyd waarin die magte van emosie, persoonlike mening en selfuitdrukking die oorhand kry. Die waarheid is egter nie veranderbaar nie. Iets is waar en kan deur feite gerugsteun word óf dit is onwaar en kan nie gerugsteun word nie.

'n Studie, *Fragile Families and Child Wellbeing* aan die Princeton Universiteit volg reeds 10 jaar lank gesinne van 5,000 kinders, waarvan driekwart van hulle gebore is uit verhoudings tussen ongetroude ouers. Volgens die navorsing het die meeste van hierdie ouers, vroue en mans, gesê hulle wil trou en wel met mekaar. Hulle voel egter op een of ander manier dat hulle nie die vermoë het om hierdie gesamentlike besluit te neem nie. Deur nie so 'n besluit te neem nie, begin die kragte van traagheid hulle uitmekaar dryf. Vyf jaar na die geboorte van hulle kinders het slegs 16 persent van die paartjies getrou en 60 persent is uitmekaar ("*... And Baby Makes Two*").

Morele keuses maak wél saak. Dit het 'n invloed op huwelike en kinders – geskiedskrywers en maatskaplike werkers wéét dat die opbreek van gesinne 'n rampspoedige uitwerking op die struktuur van nasies het.

**3: Dit is nie goed vir 'n mens se gesondheid nie**

Al klink die jaar 2008 vir baie mense na antieke geskiedenis, het min verander sedert hiérdie skokkende opskrif in koerante regoor Amerika verskyn het: "*CDC [Centers for Disease Control]: At Least 1 in 4 Teenage Girls Has Sexually Transmitted Disease*" (*Associated Press*, 11 Maart 2008). Daar word verder in die artikel verduidelik: "Ten minste een uit elke vier tienermeisies [3 miljoen] landswyd het 'n seksueel oordraagbare siekte. Hierdie was die eerste studie van sy soort wat hierdie ouderdomsgroep betrek het. 'n Virus wat servikale kanker veroorsaak, is verreweg die mees algemene seksueel oordraagbare infeksie by tienermeisies tussen die ouderdomme van 14 tot 19 ... Onder meisies wat erken het dat hulle al seks gehad het, was die koers 40 persent".

Sake het nie verbeter sedert daardie verslag nie. 'n Persverklaring van die *Center for Community Practice* van 2016 het berig: "Seksueel oordraagbare siektes neem vir die derde jaar regoor die land toe". In plaas daarvan om jong vroue aan te moedig om hierdie siektes heeltemal te vermy, gee die befaamde CDC die volgende raad: "Alle seksueel aktiewe vroue jonger as 25 jaar behoort elke jaar vir gonorree en chlamydia getoets te word. Vroue van 25 jaar en ouer, met risikofaktore soos nuwe of veelvuldige seksmaats of 'n seksmaat wat 'n seksueel oordraagbare siekte [SOS] het, behoort ook elke jaar vir gonorree en chlamydia getoets te word" ("*Which STD Tests Should I Get*?," *CDC.gov*, 22 Julie 2021).

Seksueel oordraagbare siektes is nie onskadelike

***Vervolg op bladsy 26***

# Krag om te oorwin

## Deur Rod McNair

***Wil u graag meer wilskrag hê?***
***U kan – indien u staatmaak op die primêre Bron van krag!***

Die meeste van ons wil graag meer wilskrag hê. Ons dink dikwels dat om dit te ontwikkel, omtrent so onaangenaam is soos om 'n tand te trek of 'n splinter te verwyder. Soos wat elke nuwe jaar begin, neem miljoene mense nóg 'n reeks besluite om hulle lewens te verander: Oefen meer, eet minder, hou op rook of drink, bestee meer tyd saam met familie.

Soms kan selfs die eenvoudigste doelwitte totaal buite bereik lyk. In hulle boek van Januarie 2021, *The Power of Bad*, kom skrywers John Tierney en Roy Baumeister tot die volgende gevolgtrekking: "In ons boek oor selfbeheersing, onder *"Wilskrag",* het ons opgemerk dat gemorskos dalk die moeilikste van alle versoekings is om te weerstaan, maar mense is besig om te leer om dit te doen" (bl. 244). Inderdaad, net soos ons kan leer om gemorskos nie in ons liggame toe te laat nie, net só kan ons die wilskrag ontwikkel om "verkeerde gedagtes" en "optredes en verkeerde dade" te weerstaan!

Waarom maak wilskrag saak? Sonder wilskrag het ons nie die vermoë om morele keuses te maak nie. Ons kan die blaam vir foute en tekortkomings op genetika, agtergrond, ouers, omgewing of net "slegte geluk" plaas. Die teorie dat die "wil nie bestaan nie" is net nog 'n manier van 'n verwarde en misleide mensdom om voort te gaan met sy eie begeerlikhede sonder die pyn van skuld en skaamte.

Wat presies is "wilskrag"? Waarom glo baie sosiale wetenskaplikes nie eers meer in die bestaan daarvan nie? Baumeister en Tierney beskryf hierdie verandering: "Wilskrag het so onbelangrik begin lyk dat dit nie eers gemeet of genoem word in moderne persoonlikheidsteorieë nie. Sommige neurowetenskaplikes beweer dat hulle bewys het dat dit nie bestaan nie. Baie filosowe weier om die term te gebruik … hulle verkies om te praat van vryheid van optrede, nie van wilskrag nie, omdat hulle twyfel of daar só iets is" (*Willpower*, bl. 8).

Wilskrag is egter 'n realiteit. Die wyse koning Salomo het verduidelik dat enigiemand wat daarna streef om ander mense te lei, eers moet leer om die eieek te regeer: "Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem" (Spreuke 16:32). Hy het verder opgeteken: "'n Afgebreekte stad sonder muur, *so* is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie" (Spreuke 25:28).

**Veg of vlug?**

Die apostel Paulus sê dat ons "worstel" teen owerhede of geeste wat ons probeer mislei (Efésiërs 6:12). Ons moet dus altyd gereed wees as Christene om vas te staan en die goeie stryd van geloof te stry (2 Timótheüs 2:3; 1 Timótheüs 6:12). Soos die apostel Jakobus skryf: "... weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug" (Jakobus 4:7).

Om te *veg* is egter nie die volle antwoord nie. Dikwels moet ons van die versoeking af *wegvlug*. Paulus waarsku ons: "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam" (1 Korinthiërs 6:18). Om van versoeking weg te vlug, dui nie op 'n gebrek aan wilskrag nie – om die waarheid te sê, dit hou ons wilskrag sterk. Diegene wat verskonings maak om naby versoeking te bly, is diegene wat die meeste geneig is om daaraan toe te gee.

Daar is selfs wetenskaplike navorsing wat hierdie grondige Bybelse beginsel bevestig. Om 'n proefneming te doen is persone in 'n kamer gesit om na 'n rolprent te kyk. Sommige van hulle was binne 'n armlengte van 'n bak lekkergoed laat sit; die ander het aan die anderkant van die kamer, ver van die lekkergoedbak af gesit. Ná die rolprent is gevind dat diegene wat die naaste aan die aanlok-

like lekkergoed gesit het, aansienlik minder wilskrag as die ander gehad het! Navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat diegene wat die verste van die lekkergoed af gesit het, minder geestelike krag gebruik het om dit te weerstaan en daarom is meer wilskrag "in reserwe" gespaar vir die volgende oefening (bl. 225).

Indien ons deur seksuele wellus, hebsug of 'n begeerte na enigiets wat kan lei tot sonde versoek word, moet ons sonder versuim daarvan af wegvlug! Ons moet die versoeking ten alle koste vermy. Indien u sukkel met 'n verslawing aan alkohol, moenie drank in die huis aanhou nie en moenie plekke besoek waar u weet dat dit beskikbaar is nie. Indien u probleme ondervind om pornografie te weerstaan, plaas 'n filter op u rekenaar en laat iemand anders, wat deur u vertrou word, die wagwoord stel. Om ons wilskrag te versterk, moet ons doelbewuste pogings aanwend om van versoeking af weg te vlug.

**Sal u u wilskrag oefen?**

Atlete berei voor vir sportkompetisies deur te oefen. Hulle oefen – dan oefen hulle nóg meer. Om net te weet hoe om 'n kolf te swaai, 'n bal te skop of 'n netbal in die net in te gooi, bring nie vaardigheid mee nie. Dit neem honderde of duisende herhalings, uur na uur en dag na dag, voordat die bewegings so natuurlik word dat dit feitlik outomaties is.

Paulus beskryf die geestelike reis as 'n wedloop om met volharding gehardloop te word (Hebreërs 12:1). Hy het beklemtoon dat Christene dit doen deur om van God se Gees gebruik te maak. Dit bring baie voordele mee, met inbegrip van selfbeheersing (Galásiërs 5:23).

Goddelike selfbeheersing is soos 'n spier wat sal wegkwyn wanneer dit nie ontwikkel word nie. Wanneer ons besluit om iemand te vergewe wat ons kwaad aangedoen het, beoefen ons geestelike krag uit oor ons wil. Wanneer ons aanhou om dit te doen en die gedrag herhaal, raak dit al hoe natuurliker vir ons en selfs tweede natuur. Dit is geen wonder dat Jesus Christus sê ons moet ons broer "sewentig maal sewe" keer vergewe nie (Matthéüs 18:22). Hy wil hê dat ons die gewoonte aankweek om ander mense te vergewe. Hy wil hê dat ons die "spier" van selfbeheersing deeglik sal oefen!

Studies het getoon dat om selfbeheersing op een gebied te beoefen, ons help om selfbeheersing in alle areas van ons lewens te vestig. Dieselfde dissipline wat ons ontwikkel om 'n slegte humeur te vermy, om seksuele versoekings te weerstaan, om dronkenskap te vermy of te weerstaan of om ongesonde kos te verslind, het getoon dat dit lei tot gelukkiger huwelike, beter werk, beter gesondheid en gesonder finansies (*Willpower*, bl. 13).

Verbind u dus daartoe om beheer oor een area van u lewe te neem en die voordele sal na die res van u lewe uitkring! Paulus skryf dat geestelik volwasse mense, "geestesvermöens besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei" (Hebreërs 5:14). Stel 'n paar doelwitte vir uself – hoe eenvoudig ook al. Dalk wil u vroeër gaan slaap of meer hoflik teenoor ander motorbestuurders wees of regop sit om 'n beter postuur te behou. Namate u daarop fokus om selfs die eenvoudigste doelwitte in die praktyk toe te pas, kan die gevolglike resultaat van selfbeheersing oorgedra word na die moeilikhede waarmee u in u lewe te kampe kry.

**Beoefen u wil om u wilskrag te versterk**

Elke ouer weet dat indien 'n mens wil hê dat kindertjies hulle beter gedra, daar seker gemaak behoort te word dat hulle magies vol is. Voed dus u liggaam om u wilskrag te voed. Gebalanseerde voedsame maaltye, wat in matige hoeveelhede geëet word, help ons om goeie besluite te neem, goed te funksioneer en om ons wilskrag doeltreffend te beoefen. Indien wilskrag soos 'n spier is, het dit energie nodig. Ons breine waardeur ons wilskrag in fisiese handelinge tot uiting kom, het glukose nodig om te kan funksioneer. Sonder behoorlike brandstof, in voldoende hoeveelhede, sal ons breine nie funksioneer soos hulle behoort te doen nie en ons wilskrag sal verswak word.

Fisiese brandstof is egter net die begin. Dit is nodig, maar nie voldoende nie. Jesus Christus het Sy volgelinge gewaarsku om nie te veel fokus

op die lewe se fisiese aspekte te plaas terwyl hulle die geestelike aspekte verwaarloos nie. Hy sê: "Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël" (Johannes 6:27). Wat is die geestelike voedsel wat vir ewig hou? "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee ... En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie" (Johannes 6:33, 35).

Hoe voed ons onsself met Christus? Deur ons wil aan Sy wil te onderwerp en Hom te vra om Sy lewe in ons te leef (Galásiërs 2:20). Ons fisiese wilskrag kan versterk word indien ons ons brein van brandstof voorsien. Ons geestelike wilskrag kan versterk word wanneer ons die "brandstof" inneem van gebed, Bybelstudie, meditasie asook om af en toe te vas. Christus self sê: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Matthéüs 4:4). Ons versterk ons wilskrag deur gereelde kontak met God te hê en deur Sy wil in ons lewens te doen. Jesus het gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring" (Johannes 4:34). Gebed, Bybelstudie, meditasie en vas is die geestelike "voedsel" wat ons nodig het om nader aan ons Verlosser te kom.

Moenie die belangrikheid van rus buite rekening laat nie. In baie gebiede van die wêreld is die moderne kultuur 'n slaap ontneemde kultuur. Dit is geen wonder dat ons minder selfbeheersing as ooit het nie! Wanneer ons geestelik uitgeput raak, sal ons wilskrag afneem. Dit is nodig om tyd te maak om te herlaai en te herstel. Soms beteken dit net om na ons fisiese gesondheid om te sien deur genoeg rus en voldoende slaap te kry. Fisiese rus is egter nie voldoende om ons uitgeputte gees te vernuwe nie. Christus het beloof: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig" (Matthéüs 11:28-30).

**Sal u u onderwerp aan God se gesag?**

Skynbaar teenstrydig genoeg het ons die grootste wilskrag wanneer ons ons aan die krag van God onderwerp. Om onder en deur Sy krag te leef, is bevrydend, gerusstellend en vul ons met vrede namate ons die krag van Sy Gees in ons lewens ervaar. Per slot van rekening beteken dit om te groei in wilskrag, om geheel en al en ongetwyfeld op God en Sy krag te vertrou om ons te lei. Wanneer u voor 'n versoeking te staan kom, onthou wat koning Dawid geskryf het:

> "Vertrou op die HERE en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hý sal dit uitvoer; en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag. Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie" (Psalm 37:3-7).

Vergeet nooit dat God Self, volmaakte wilskrag beoefen het in Sy plan om die mensdom van sy sondes te red nie. Die aand voordat Jesus Christus vir die hele mensdom gesterf het, het Hy voor die moeilikste keuse van Sy lewe te staan gekom. Om ons Verlosser te word, sou Hy deur 'n pynlike dood moes gaan. Die versoeking om om te draai en weg te loop moes geweldig sterk gewees het. Hy het saam met Sy dissipels na die Olyfberg gegaan: "En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie." Hy het 'n entjie verder geloop en uitgeroep: "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie

*Vervolg op bladsy 20*

# ’n Verdeelde huis

## Deur Jonathan Bueno

***'n Beskawing waar verdeeldheid aan die orde van die dag is, is gedoem. Is daar 'n manier om vorentoe te beweeg?***

Abraham Lincoln het eenkeer gesê: “'n Huis wat teen homself verdeeld is, kan nie bly staan nie”. Hy het na Jesus Christus se woorde verwys, wat ironies genoeg na Satan se huis of koninkryk verwys het: “Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. En as die Satan die Satan uitdryf, is hy teen homself verdeeld. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?” (Matthéüs 12:25-26).

Wat 'n kragtige uitspraak oor die oproerigheid waaroor sommige van ons moderne lande vandag bekommerd is. Hierdie Skrifgedeelte spreek boekdele oor ons samelewing wat nie in die huidige, verdeelde toestand staande kan bly nie.

Hierdie gedeelte openbaar ook dat Satan baie gevalle engele in sy “koninkryk” het en alhoewel hulle onder mekaar mag meeding en baklei, is hulle verenig in hulle opstand teen God. Satan weet dat verdeeldheid lei tot die ondergang van lande, stede en gesinne. Hy is 'n meester wanneer dit kom by die saai van verdeeldheid en onenigheid onder die mensdom – op elke vlak. Die Bybel maak ons bewus van sy bestaan en openbaar sy taktiek van tweedrag en verdeeldheid sodat ons dit kan vermy (2 Korinthiërs 2:11; Efésiërs 4:27). Hy gebruik dikwels verskille tussen mense as 'n bron van twis – verskille wat ons Skepper bedoel het om mekaar aan te vul!

Hoe kan 'n “huis” dus staande bly wat in homself al die verskille het wat ons vandag tussen mense regoor die wêreld sien?

### Eenvoudige maar noodsaaklike vereistes vir vrede

Eerstens behoort daar begryp te word dat nie alle verskille 'n slegte ding is nie. Die God van die hele skepping waardeer verskille en verskeidenheid. Dit is duidelik in die fisiese skepping van die sterre en planete bo die aarde tot die flora en fauna op die aarde. Dit is ook duidelik in die mensdom – daar bestaan 'n geweldige verskeidenheid tussen die nasies en volke van die aarde. Daar is verskille in kultuur, verskille in persoonlikhede en verskille met betrekking tot natuurlike gawes (Romeine 12:3-8). Natuurlik het Hy verskille tussen die man en die vrou geskep wat mekaar behoort aan te vul (Génesis 2:18). Soos die spreekwoord sê: *Vive la différence!* Selfs verskille in lewenservarings en perspektiewe sê vir ons dat ons raad en advies van ander mense behoort op te soek (Spreuke 24:6). Verskille behoort te help om ons sterker en nie swakker te maak nie. Laat ons nie mislei word nie.

Tweedens is dit nodig dat daar gemeenskaplike grond is – om meer spesifiek te wees, gemenereg. Reëls en regulasies bestaan met die doel om orde te skep en te handhaaf. Die fisiese heelal werk volgens wette; dit behoort ook duidelik te wees dat dieselfde in menslike verhoudings geld. Geen regdenkende mens sou die idee voorstaan dat ons sonder wette behoort te leef nie – chaos, verdeeldheid en anargie sou baie vinnig volg. God het antieke Israel dié opdrag gegee: “Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef” (Númeri 15:16).

Om te verstaan wat die verskille en die belangrikheid van gemeenskaplike standaarde is, is die sleutel tot die handhawing van eenheid. Daar is 'n pragtige profesie in Jesaja wat dien as 'n baken van hoop vir 'n wêreld vol twis en tweedrag: “In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die Here van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel

Israel!" (Jesaja 19:24-25).

Diegene wat Bybelprofesie bestudeer sal ook onthou dat hierdie drie nasies in die verlede in oorlog met mekaar gewikkel was. Dit sal nie so wees in die wêreld van môre nie. Daar sal hierdie nasies en baie ander nasies byeenkom om saam te aanbid en God se Wette en seëninge te ontvang (Miga 4:2).

Oral waar mens vandag kyk is die samelewing verdeeld, maar u hoef nie deel te wees van daardie verdeelde en ontmoedigende gees nie. Word eerder 'n vredemaker met die hulp van God se Heilige Woord en begin nou om voor te berei vir die glorieryke Koninkryk wat kom. WvM

---

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Die Gevaarlike "tye van die nasies"*

die Heilige Gees te ontvang wat hulle help om sonde te oorkom en God se heilige en regverdige karakter in hulle eie lewens te ontwikkel.

Met Christus se Wederkoms sal hierdie getroue Christene as "eerstelinge" opgewek word – die eerste mense wat deel van God se Gesin sal word (Jakobus 1:18; 1 Korinthiërs 15:52). Dit sal mense van alle nasies insluit en nie net die stamme van Israel nie, maar ook baie heidene wat as Christene deel geword het van *geestelike Israel* (Galásiërs 6:16). U wil nie toelaat dat 'n valse godsdiens en 'n valse godsdienstige leier u mislei om hierdie wonderlike toekoms mis te loop nie. Bly waaksaam en doen soos Jesus ons beveel het: "Waak dan en bid altyddeur, dat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). WvM



# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

*Vervolg vanaf bladsy 17 – Krag om te oorwin*

my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val" (Lukas 22:40, 42-44).

Het Christus net "op sy tande gebyt" en Sy wil "gedwing" om die regte ding te doen? Geensins! Wat Hom daartoe in staat gestel het om hierdie pynlike toets te slaag, was Sy bereidwilligheid om Hom te onderwerp aan die wil en die gesag van die Vader.

Dit is ook hoe ons die wilskrag kan vind om 'n versoeking te weerstaan en te oorkom. Namate ons ons lewens in ware gehoorsaamheid onderwerp aan die Een wat ons geskape het, kan ons deurdrenk word met Sy Geestelike krag. Paulus het aan die broeders in Filippi geskryf: "Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filippense 2:12-13).

Indien ons Hom soek en gehoorsaam, sal God deur ons werk "om te wil en Sy wil te doen" in ons lewens. Ons kán oorwin; ons kán ons *gees* en ons optrede beheer. Met God se hulp kan ons al die wilskrag hê wat ons nodig het.

# Is Kersfees Christelik?

***Ons sien die toneel elke jaar ... versierde bome, immergroen kerskranse en helder liggies. Somtyds is daar 'n kerstoneel in die hoek wat 'n klein kindjie uitbeeld wat 'n groot aantal geskenke kry. Nogtans word die meeste geskenke aan kinders, familie en vriende deesdae geskenk deur skuldbelaaide volwassenes wa[illegible]t probeer om mekaar te oortref betreffende die nuutste modegier of stokperdjie.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hie

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Die twee kante van die viering van Nuwe Jaar*

afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie" (Galásiërs 5:19-21).

Nee, ons hoef nie voor te gee dat die kalender wat algemeen gebruik word – dikwels met reg die "Romeinse kalender" genoem – nie bestaan nie. Christene kan afsprake op daardie kalender maak en nakom. Daar is egter niks nuuts óf van God af, in die wêreld se Nuwejaarsvierings nie. Dit is so oud soos die werke van die vlees en God het sulke werke van die begin af veroordeel.

Hoe behoort ons onsself dus as Christene te gedra? Die Bybel maak dit duidelik: "Sorg dan dat julle doen soos die HERE julle God julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie. In al die weë wat die HERE julle God julle beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem" (Deuteronómium 5:32-33).

U kan meer te wete kom oor die kalender wat God Sélf vir Sy mense ingestel het. Lees gerus die boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan,* aanlyn by *wvm.co.za* of bestel u eie gratis eksemplaar by u naaste streekkantoor wat in die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif gevind kan word. U sal bly wees indien u dit gedoen het!

# Die twee kante van die viering van Nuwe Jaar

## Deur Gary Ehman

***Het u al ondersoek ingestel na die tradisies met betrekking tot dié feesviering?***

Aha, dis nuwe jaar! Vir miljoene mense is dit die tradisionele tyd om te besin oor die toekoms en die afgelope jaar in oënskou te neem. Waarom? Waar het hierdie konsep vandaan gekom en waarom word sulke losbandige vierings gesien met die een jaar wat eindig en die volgende jaar wat begin? Waarom neem mense besluite om beter te doen as wat hulle die afgelope jaar gedoen het?

Lesers van die *Wêreld van Môre* kan tereg verwag dat die antwoord baie dieselfde is as vir soveel ander feeste, soos Valentynsdag, Paasfees, Halloween en Kersfees: So heidens as wat kan kom, in murg en been. Weereens, tydens die viering van Nuwejaar, het die mensdom hulle na die skepping eerder as die Skepper gewend, hulle eie tradisies gevestig en God se Gebooie geïgnoreer (Matthéüs 15:3-9).

**'n Lang geskiedenis**

Die viering van Nuwejaar strek ver terug na die Babiloniese lente-vrugbaarheidsrituele, wat verband hou met die vernuwing van die land na die winter. Bewyse dui selfs daarop dat die Babiloniërs die eerste volk was wat Nuwejaarsvoornemens gemaak het as deel van waarsêery vir wat die nuwe jaar sou bring.

Die Romeine het Janus, hulle god van deure en poorte, aanbid. Hy het twee gesigte gehad – 'n gesig wat vorentoe kyk en een wat terugkyk. Nadat die Romeinse keiser, Julius Caesar, in 46 v.C. die 1ste Januarie as die Romeinse Nuwejaarsdag ingestel het, het hy die eerste maand, "Januarie", na die god Janus vernoem, wat die maand as die "deur" na die jaar gestel het.

Is die middel van die winter egter die toepaslike deur van tyd om die jaar te begin? Nadat God vir Israel die Heilige Dae gegee het, het God gesê dat Sy volk die jaar in die lente behoort te begin (Exodus 12:2; Vergelyk Deuteronómium 16:1).

Nog 'n algemeen aanvaarde tradisie, was om 'n baba te gebruik om die nuwe jaar aan te dui en het omstreeks 600 v.C. in Griekeland begin. Hulle het *Dionysus,* hulle god van wyn, vereer deur met 'n baba in 'n mandjie te paradeer, wat die jaarlikse wedergeboorte van daardie god as die gees van vrugbaarheid voorstel (Sir James George Frazer, *"Dionysus," The Golden Bough,* 1922). Die Egiptenare het ook 'n baba as 'n simbool van wedergeboorte gebruik.

Die antieke Romeine het geglo dat luidrugtigheid, wellustigheid en dronkenskap aan die begin van die nuwe jaar, die god, *Pan,* asook ander kwaadwillige gode sou verwar, wat hulle dan sou verhoed om in die alledaagse lewens van sterflinge in te meng vir die jaar wat kom.

Die Skotse volk vier die koms van die nuwe jaar deur 'n vakansiedag wat hulle *Hogmanay* noem. Hierdie viering spruit voort uit hulle geskiedenis van Viking-invalle, bygelowe en antieke heidense rituele en is bekend vir oormatige drankmisbruik en 'n gefuif tot in die vroeë oggendure.

**Wat om te doen?**

Is losbandige vierings, algemene gedrag van openbare dronkenskap en perverse gedrag, aanvaarbaar vir redelike, regdenkende mense en veral vir diegene wat hulleself Christene noem? Wat sê die Bybel? "En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

***Vervolg op bladsy 20***

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Werk moderne moraliteit?*

hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Génesis 1:28-29).

Nadat God die man en vrou geskape het, het Hy die verbintenis geskep wat ons die huwelik noem. "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Génesis 2:24). Die volgende vers vertel ons dat hulle naak was en nie skaam was nie, maar dit was op die punt om te verander. Dit was nadat hulle na die teëstander geluister het dat skaamte ingetree het en hulle hulle vir God verberg het (Génesis 3:9-10). Waar het hulle skaamte vandaan gekom? Die antwoord word gevind in die vraag wat God aan hulle gestel het: "Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?" (Génesis 3:11).

Sedertdien werk die teëstander van wie ons praat as Satan of die duiwel, om die mees intieme verhouding tussen die man en die vrou te ondermyn. Wie is dit egter wat deur die mensdom geblameer word? Die Skepper van daardie intimiteit.

Intimiteit binne die huwelik tussen 'n biologiese man en sy biologiese vrou, is regverdig en gesond. Die huwelik behoort eerbiedig te word; geen seksuele aktiwiteit buite daardie verhouding nie. "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel" (Hebreërs 13:4). Die grondslag van die Bybelse Wet is liefde soos uitgedruk deur die Tien Gebooie, waarvan een is: "Jy mag nie egbreek nie" (Exodus 20:14; Deuteronómium 5:18).

Vandag beskou min mense dit as belangrik om intimiteit vir die huwelik te bewaar. Mense knoop verhoudings aan en beëindig dit na goeddunke. Die huwelik het 'n nagedagte geword, 'n eendaggeleentheid om "ja te sê vir die rok". [Ter inligting: Na aanleiding van 'n Engelse TV-program: "*Say yes to the dress*"] Tog het God die Skriftuurlike vermaning geïnspireer om alle seksuele gedrag buite die Goddelike huwelik te vermy en raai ons aan om te vlug wanneer ons voor 'n versoeking te staan kom. "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam" (1 Korinthiërs 6:18).

Nee, God is nie teen intimiteit nie; Hy is *heeltemal ten gunste daarvan* in die regte konteks. Wanneer ons egter al in sirkels om daardie konteks redeneer en in seks voor die huwelik, buite die huwelik of met iemand van dieselfde geslag betrokke raak, is die resultate pyn, hartseer en lyding. Is dit nie tyd om ons oë oop te maak en na die feite te kyk nie? WvM

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

die leerstelling wat die filosowe nie het nie en wat op "menslike tradisie" en "die eerste beginsels van die wêreld" staatmaak (Kolossense 2:8).

Paulus verwys dus verwarde lidmate na die Kerk – níe na verwaande filosowe nie – vir 'n begrip van hoe om die Feeste van God te onderhou. Wanneer die konteks in ag geneem word, is die betekenis duidelik. In Kolossense 2:16-17 sê Paulus vir diegene in Kolosse om nie toe te laat dat enige gnostiese, asketiese filosoof hulle oordeel in hoe hulle feestelike vreugde vind tydens God se Sabbatte en Feeste nie. Dit dui op toekomstige profetiese vervullings en om eerder hulle oë te vestig op die Kerk, waarvan Christus die lewende Hoof is, om sulke sake te oordeel.

Wat betref hoe God se Sabbat en Heilige Dae dien as "'n skaduwee van toekomstige dinge", vra ons gratis boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan,* aan vir besonderhede of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. In plaas daarvan om dae van oordrewe boetedoening, selfopgelegde beperkings en vals nederigheid te onderhou, word hierdie Feeste regoor die wêreld deur diegene onderhou wat die hoop aangryp wat daardeur geopenbaar word. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Maak die Bybelse Sabbatte en Feeste deesdae saak?

**Vraag:** Dit kom voor asof Kolossense 2:16-17 sê dat 'n mens nie behoort toe te laat dat iemand 'n mens oordeel omdat hy nie Sabbatte of Feeste onderhou nie. Bewys dit nie dat ons nié die Sabbat of die Bybelse Heilige Dae wat Jesus en die Apostels onderhou het, hoef te onderhou nie?

**Antwoord:** Dit is 'n algemene maar foutiewe oortuiging. In daardie gedeelte het Paulus in werklikheid die Christene in Kolosse opdrag gegee om nie toe te laat dat enige buitestaanders, ydele, heidense filosofieë aan hulle voorskryf oor wat om te eet of te drink met betrekking tot hierdie Bybelse Feeste nie, maar eerder om God toe te laat om in Sy Kerk te werk om Bybelse leerstellings in hierdie verband te vestig en in stand te hou.

Moeilikheidmakers – filosowe wat in die geskiedenis bekend staan as die *gnostici* – was besig om lede van die Kerk van God in Kolosse te verwar. Die Griekse woord *gnosis* beteken eenvoudig "kennis" en gnostici glo dat 'n mens sekere spesiale kennis nodig het om God te bereik. Daardie kennis het die spesifieke name van verskeie geestelike "tussengangers" ingesluit, aangesien hulle onderrig het dat Christus alléén nie voldoende was om die gaping tussen mens en God te oorbrug nie (sien *The New Bible Commentary: Revised,* 1970, bl. 1140.) Paulus het 'n stryd gehad met die invloed van die gnostici in die Kerk in Kolosse om Christus te verdedig as ons voldoende, Goddelike Bemiddelaar (Kolossense 1:15-22; 2:9-10) en gnostiese idees veroordeel as "verering van die engele" (Kolossense 2:18).

Net so het hierdie gnostiese moeilikheidmakers ook die Kolossense se gebruike van die Bybelse Sabbatte en Heilige Dae beïnvloed en God sê van hierdie dae: "... dit is my feeste" (Levítikus 23:2) en dat dit tye van vreugde is (byvoorbeeld Nehemía 8:9-12). In plaas daarvan om tydens God se Bybelse Feeste te juig, te eet en te drink – in matigheid – het hierdie gnostici onderrig dat Christene hulleself fisiese plesier behoort te *ontsê,* volgens streng, mensgemaakte reëls.

Ander verse in dieselfde hoofstuk (byvoorbeeld Kolossense 2:8, 20-22) maak dit sonder enige twyfel duidelik dat Paulus *nie* van God se Wette praat nie, maar van "filosofie", "die oorlewering van mense" en "die gebooie en leringe van mense." Die Sabbat en Heilige Dae kom uit die geïnspireerde Woord van God en Sy Goddelike Wet en nié uit die tradisies of leringe van menslike filosowe nie.

Baie vertalers verwar en verdoesel die betekenis van Kolossense 2:16-17 omdat hulle bevooroordeeld is teen die Bybelse Sabbat en Heilige Dae. Terwyl die ou Afrikaanse vertaling van die Bybel sê dat die Sabbat en Heilige Dae "'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus" (vers 17). [Die *King James Version* is nader aan die oorspronklike Griekse bewoording, wat die laaste vertaling vertaal as deel van vers 17, "maar die liggaam van Christus." Let daarop dat die KJV-vertalers die woord "is" in daardie vers in kursief geplaas het, wat aandui dat dit nie in die oorspronklike Grieks voorkom nie. 'n Meer letterlike vertaling lees, "maar die liggaam van Christus]. Slegs 'n paar verse vroeër, definieer Paulus wat "die liggaam van Christus" is en skryf: "En Hy [Christus] is die hoof van die liggaam, die gemeente;" (Kolossense 1:18) en "vir sy liggaam, wat die gemeente is" (vers 24, sien ook Efésiërs 1:22-23; 4:11-16). Die ware Kerk van God is die lewende, georganiseerde liggaam van Christus en God gee aan die Kerk 'n begrip van

*Vervolg op bladsy 22*

# Die geheimsinnige eerste perderuiter

## Deur Douglas S. Winnail

Byna almal wil weet wat die toekoms inhou, maar die meeste mense glo dat niemand die toekoms akkuraat kan voorspel nie. Die God van die Bybel sê egter oortuigend: “Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie ... soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen” (Jesaja 46:9-11).

Verbasend genoeg, Bybelse profesieë verskaf die sleutel met betrekking tot 'n geheimsinnige eerste ruiter van die Apokalips (Openbaring 6:2) asook belangrike insig in die geskiedenis en openbaar waarheen huidige gebeure heen lei. Die Bybelse antieke profesieë is vandag besig om gestalte aan te neem en sal die mensdom verras wat die ware God van die Bybel uit die oog verloor het.

Byna 2,000 jaar gelede het Jesus Christus verduidelik dat 'n reeks herkenbare gebeure – valse profete en godsdienstige misleiding, oorloë en gerugte van oorloë, hongersnood en natuurrampe soos aardbewings en siekte-epidemies – Sy Wederkoms sal voorafgaan (Matthéüs 24:3-8; Markus 13:5-8; Lukas 21:8-11). Hy het Sy dissipels gewaarsku om op die uitkyk te wees vir hierdie tekens, want 'n niksvermoedende mensdom sal verras word deur die vinnig toenemende gebeure in die laaste dae (Matthéüs 24:36-44; Markus 13:32-36; Lukas 21:34-36).

Een van hierdie tekens word uitgebeeld deur die geheimsinnige eerste ruiter van die Apokalips, wat deur die apostel Johannes in 'n visioen gesien is en wat aan Christus se waarskuwing herinner dat valse leraars 'n ander Jesus en 'n ander evangelie sal kom verkondig – 'n waarskuwing wat deur die apostel Paulus herhaal word (2 Korinthiërs 11:1-4).

**'n Geheimsinnige ruiter**

Bybelgeleerdes erken dat die vier ruiters van die Apokalips, eindtydgebeure simboliseer wat Christus se Wederkoms sal voorafgaan. Tog bestaan daar meningsverskille oor die identiteit van die eerste ruiter wat op 'n wit perd ry. Sommige geleerdes beweer verkeerdelik dat die ruiter Jesus Christus verteenwoordig wat die Evangelie verkondig, vanweë sy oënskynlike ooreenkoms met Christus op 'n wit perd soos dit beskryf word in Openbaring 19:11-14. Ander geleerdes glo dat die eerste ruiter die Antichris verteenwoordig, wat Christus met Sy Wederkoms sal teëstaan.

Die Bybel verskaf natuurlik sy eie verduideliking. Die volgorde van eindtydgebeure wat in Matthéüs, Markus en Lukas uiteengesit word, stem ooreen met die gebeure wat deur die vier perderuiters van Openbaring 6 uitgebeeld word. In elkeen van hierdie Evangelies is die aanvanklike gebeurtenis van die eindtyd volgorde, 'n toenemende voorkoms van valse leraars en godsdienstige misleiding. Dit beteken dat die eerste ruiter *nie* Jesus Christus is nie, maar verpersoonlik eerder 'n magtige vals godsdienstige organisasie. Die kroon van hierdie ruiter – 'n simbool van leierskap en gesag – dui op 'n prominente godsdiensleier (Openbaring 6:2). Hy dra 'n boog om pyle te skiet – in teenstelling met Christus in Openbaring 19:11-15, wat met 'n swaard en 'n ysterstaf uitgebeeld word. Efésiërs 6:16 stel Satan voor wat pyle na ware Christene skiet, wat dus daarop dui dat die eerste ruiter kop in een mus met Satan is.

Dit behoort ontnugterend te wees wanneer ons lees dat die eerste ruiter “uitgegaan [het] as 'n oorwinnaar en om te oorwin” (Openbaring 6:2). Dit dui op die opkoms van 'n strydlustige vorm van valse Christendom nét voor

Jesus Christus se Wederkoms. Dit pas in met die eindtyd-scenario wat die Groot Verdrukking – 'n tyd wanneer ware Christene vervolg sal word – net ná die gebeure wat deur die vier perderuiters uitgebeeld word, plaas (sien Matthéüs 24:8-9; Openbaring 6:9-11). Hoe verskaf die geheimsinnige eerste ruiter insig in die geskiedenis, verduidelik die koers van huidige gebeure en openbaar die toekoms?

**'n Rit van valse godsdiens**

Die profeet Daniël skryf van 'n "horing" wat geassosieer word met 'n Roomse stelsel wat "tye en wet sou verander" (Daniël 7:21, 25). Die Bybel toon aan dat Jesus, Sy dissipels en die vroeë Kerk, die Sabbat en die Bybelse Heilige Dae onderhou het (Lukas 2:41-42; 4:16; Handelinge 17:2). Daarteenoor is daar in die geskiedenis opgeteken dat die Roomse kerk die onderhouding van die Bybelse Pasga *verbied* het en by die Raad van Nicaea in 325 n.C. die viering van Paasfees verpligtend gemaak het. Die Roomse kerk het ook die onderhouding van die Bybelse Sabbat onwettig verklaar en het in 363 n.C. by die Raad van Laodicéa Sondag in die wet vasgelê as die dag van aanbidding. Die Roomse kerk het die heidense vierings van 25 Desember aangepas om Christus se geboorte te herdenk, kwansuis om dit vir heidene makliker te maak om hulle tot die Christendom te "bekeer". Deur sulke veranderings het die leerstellings van die vroeë Kerk deur die heidendom bedorwe geraak en is profesieë sodoende vervul wat deur Daniël, Jesus en Paulus gegee is.

Daniël het geprofeteer dat die "horing" van die vierde ryk, naamlik Rome, beheer oor toekomstige herlewings van daardie ryk sou uitoefen (Daniël 7:7-8, 24), oorlog teen die heiliges sou voer en oor hulle sou heers tot Christus se Wederkoms (Daniël 7:21-22, 25). Hierdie herlewings verbind die "horing" met die strydlustige vorm van korrupte Christendom wat aan die einde van die tyd sal ontstaan asook aan 'n polities aktiewe kerk – die "groot hoer" wat op die dier ry wat uit tien konings bestaan en met wie wêreldse heersers intieme verhoudings sou hê (Openbaring 17). Die kerkgeskiedenis laat min twyfel oor watter instelling hierdie rol vervul het.

Die pouse van Rome het verskeie herlewings van die Romeinse Ryk oorheers. Gedurende die Middeleeue het die pousdom, kruistogte gereël om vyande van daardie dominante kerk te vernietig. Daardie "vyande" het nie net Moslem-"ongelowiges" ingesluit nie, maar ook baie ander mense wat bely het dat hulle in Christus en die God van die Bybel glo – met inbegrip van lede van die Oosters-Ortodokse Kerk wat tydens die verwoesting van Konstantinopel omgekom het asook baie Jode, Sabbatonderhoudende Katare en Albigense in Suid-Frankryk asook Waldense in Noord-Italië en Duitsland. Diegene wat die leerstellings van Jesus Christus, die Apostels en die vroeë Kerk gevolg het, is as ketters bestempel en is deur die eeue heen uitgemoor omdat hulle nie die verordeninge van die Roomse kerk wou nakom nie.

**'n Terugkeer na Rome?**

Ons moet onthou dat die "hoofstroom" Protestantse kerke die meeste van hulle leerstellings en praktyke – met inbegrip van die Drie-eenheid, die onsterflike siel en die viering van Kersfees en Paasfees – uit die leerstellings van die Roomse kerk oorgeneem het. Hierdie heidens-geïnspireerde leerstellings en gebruike word nie in die Bybel gevind nie, maar tog handhaaf die "hoofstroom" belydende Christendom dit steeds – selfs deur die Hervorming heen, wat dus hulle verbintenis met hulle "moeder"-kerk demonstreer (Openbaring 17:5). Rome sal verseker wou sien dat haar "dogters" na die kudde terugkeer en eenheid verkondig, selfs al sien hulle duidelik net hulleself as die een ware kerk (sien Jesaja 47:1-8).

Die Roomse kerk ondersteun 'n verenigde Europa waarin hulle die prominente rol kan herwin wat dit tydens die "Heilige Romeinse Ryk" gespeel het. Tydens die bewind van die heilige Romeinse keisers en ander Katolieke monarge, het die Roomse kerk, staatsmag en die Inkwisisie gebruik om sy "vyande" aan te val met die hoop om een ryk onder een monarg en een godsdiensleier te skep. Die geskiedenis van die Middel-

eeuse Europa werp lig op hoe 'n misleidende en militante valse vorm van Christenskap oor miljoene mense sal heers wanneer die eerste ruiter van die Apokalips sy intense en dodelike eindtyd-rit begin. Waak en maak seker dat u gereed is sodat u nie verras word wanneer hierdie gebeure plaasvind nie – moontlik veel gouer as wat die meeste mense besef! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Werk moderne moraliteit?*

infeksies nie. Dit kan steriliteit, chroniese pyn, servikale kanker en lewensgevaarlike buis-swangerskappe veroorsaak. Dit kan die noodsaaklikheid vir lewenslange behandelings met siekmakende mengeldrankies as medikasie noodsaak en selfs tot die dood lei. Hoe spanningsvol om in die posisie te wees dat dit nodig is om vir die persoon saam met wie u die res van u lewe wil deurbring te vertel dat u aan 'n ongeneeslike seksueel oordraagbare siekte ly.

Die CDC noem wel opsies om seksueel oordraagbare siektes te vermy, maar dit is slegs dit wat dit is: Ópsies, met inbegrip van onthouding, vermindering van die aantal seksmaats, monogame verhoudings ['n verhouding tussen net één man en één vrou], inenting, latex voorbehoeding – geen aanmoediging om die "opsies" te kies wat deur ons Skepper beveel word nie. Slegs wedersydse onthouding gevolg deur 'n monogame huwelik waarborg beskerming teen hierdie gevaarlike siektes.

Wat ontbreek, is die onsigbare Wette wat ons mees intieme verhoudings beheer. Die seksuele revolusie – die nie-so-nuwe "nuwe moraliteit" – het in die 1960's begin. Nee, dit is nie dat niémand voor hierdie tyd soos straatkatte opgetree het nie. Inteendeel! Die 1960's het 'n dramatiese verandering in Westerse gesindhede beleef. Wendy Shalit haal Edward M. Brecher aan wat in 1969 aanspraak gemaak het op die volgende: "Ek dink hier is 'n taak vir seksnavorsing: 'n Objektiewe ondersoek na die kort- en langtermyn-effekte op mans, vroue en kinders vir die bevryding van seksuele onderdrukking van gevoelens van seksuele skaamte en skuld" (*A Return to Modesty*, 1999, bl. 26).

Me Shalit reageer: "Baie welkom, mnr Brecher, in die wêreld van postmoderne seksuele moraliteit. In sommige opsigte het dit afgrysliker uitgedraai as wat selfs die 'teruggetrokkenes' hulle kon indink ... Die vraag dink ek, word dan: Is ons rondslaap-gewoontes [vandag se verhoudingsgebruike] so goed soos die reëls van ouds?" (bll. 26-27).

Wat is hierdie "ouer reëls"? Thomas Paine was nie die eerste persoon wat menslike redenasie hoër as onthulling opgehemel het nie, maar wanneer 'n mens eerlik na die feite van die "nuwe" moraliteit kyk, is dit duidelik dat ons keuse van menslike redenasie bo onthulling tot mislukking gelei het. Ons verhoudingskultuur sonder grense is nie goed vir die huwelik, vir kinders of vir ons gesondheid nie.

Lank voor Thomas Paine het ons Skepper Sy instruksies aan die eerste man en die eerste vrou gegee. Die Een wat ons ontwerp het, het alles geweet van chemie, biologie, anatomie en emosies. Hy het Wette gegee wat goeie resultate lewer wanneer ons dit gehoorsaam, maar om dit te verbreek bring pyn, hartseer en dood. God het aan ons eerste ouers 'n keuse gegee. Hulle kon geopenbaarde kennis aanvaar wat hulle sou voorsien van inligting rakende hierdie onsigbare Wette of hulle kon op hulleself vertrou om te bepaal wat reg en verkeerd is. Soos Bybelgeleerdes weet, het hulle 'n betreurenswaardige keuse gemaak. Hulle het hul vyf sintuie en hulle vermoë om vir hulleself te redeneer gekies en hulle nageslag doen sedertdien dieselfde. Die bewyse is egter duidelik: Gebroke harte, gebroke gesinne, gebroke en verwarde kinders en gebroke liggame is die gevolg van die ignorering van die Wette van ons Skepper.

Die God van die Bybel skroom nie om te praat wanneer dit by intieme verhoudings kom nie. Die heel eerste hoofstuk van Sy Openbaring aan die mensdom toon dat ons ontwerp is vir intimiteit. "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy

**Vervolg op bladsy 22**

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

was" (Handelinge 17:11). Hierdie onderwerp is eenvoudig té belangrik om dit nie aan uself te bewys nie.

Weereens: Wie is dus die uitverkorenes? Wyle dr. Roderick C. Meredith se gunsteling definisie van 'n ware Christen word in Galásiërs 2:20 gevind: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." Die apostel Paulus verduidelik hoe ons saam met Christus gekruisig is:

> "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie" (Romeine 6:3-6).

Ja, ons moet die ou self laat sterf en 'n nuwe mens word. Ons moet aanvaar dat ons goedheid ons nie sal red nie – dat ons die Een nodig het wat groter as ons is om Sy lewe vir ons te verruil. Dit is wat die doop uitbeeld: Ons aanvaarding van Christus as ons Verlosser en ons afstanddoening van sonde word uitgedruk in hierdie eenvoudige, maar nodige seremonie. Geen kind kan hierdie verbintenis verstaan nie en daarom is die doop slegs vir volwassenes. Johannes beskryf 'n ware Christen as iemand wat spesiaal deur God geroep word en gekies is as gevolg van die antwoord op daardie roeping en bereid is om getrou te bly tot die einde toe (Openbaring 17:14; vergelyk Matthéüs 24:13).

## 'n Heeltemal verskillende gees

Die vraag bly egter: *Hoe sal Christus ons wêreld van geweld en onsedelikheid na vrede en harmonie verander?* Dit is verseker so dat laasgenoemde nie deel van die mensdom se geskiedenis is nie. Vrede kan slegs bereik word deur 'n verandering van die menslike hart en net God kan dit bewerkstellig. Hy moet en *sal* egter eerstens van die huidige god van hierdie wêreld ontslae raak, die "owerste van die mag van die lug" (Efésiërs 2:2) wat negatiewe buie en gesindhede in die gedagtes van mense laat posvat – gesindhede van jaloesie, wellus, hebsug en wraakgierigheid. Nadat Satan se invloed uitgeskakel is, sal Christus die luggolwe vul met 'n heel ander Gees (Openbaring 20:1-3), wat die vyandigheid sal verdryf wat in die harte van mense bestaan (Romeine 8:7) en daardie vyandigheid vervang met 'n liefde vir God se Wette.

Dit is waaroor die Nuwe Verbond handel! Die Wet van God sal oor die hele wêreld in die verstand en harte van alle mense wees (Hebreërs 8:10-11). Daardie Wet is natuurlik die Tien Gebooie, wat Jakobus tereg beskryf as "die wet van vryheid" (Jakobus 1:25; 2:12).

Stel u voor hoe dit sal wees wanneer die mensdom die Wet respekteer wat sê: "Jy mag nie dood slaan nie." Wanneer die gees en bedoeling van die Wet verstaan en toegepas word, sal stede soos Chicago, Pretoria en Tijuana heeltemal verander word (Matthéüs 5:21, 26). Die nakoming van daardie enkele Wet sal 'n einde maak aan oorlog. Hoe sal die wêreld wees wanneer daar ook nie meer owerspel, geen valse godsdiens en geen oneerbiedigheid meer van kinders teenoor ouers is nie?

Jesus Christus sal nie hierdie keer terugkeer "as 'n lam wat na die slagplek gelei word nie" (Jesaja 53:7) maar as 'n oorwinnende Koning (Sagaría 14:9). Hy sal alle nasies beveel om verteenwoordigers te stuur om Sy Heilige Dae in Jerusalem te onderhou. Hoe opwindend sal dit nie wees wanneer die mensdom die plan van God asook die groot potensiaal wat Hy bied, leer ken nie – 'n potensiaal wat baie groter is as om "in die hemel rond te sweef" of om in 'n soort van ewige

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

toestand van bedwelming te wees terwyl hulle na die aangesig van God staar.

Die uitverkorenes waarvan ons vroeër melding gemaak het – diegene wie se lewens werklik verander is deur te dink soos Christus dink en op te tree soos Hy opgetree het toe Hy die eerste keer hier was – sal in geestelike wesens verander word en Christus bystaan om hierdie groot verandering teweeg te bring, soos baie Skrifgedeeltes aandui.

Is dit té ongelooflik om te glo? U beter hoop dit is nié te ongelooflik nie, want die alternatief is nie baie bemoedigend nie. Die mensdom het vir byna 6,000 jaar probeer om vrede te bewerkstellig en elke geslag het misluk. Tensy die groot opstoker, Satan die duiwel, uit die weg geruim word en tensy Jesus Christus terugkeer en die menslike hart verander, is selfvernietiging die mensdom se voorland. Die boodskap van die *Wêreld van Môre* is dat ingryping van bó, dit *sál* voorkom. Daar is hoop en daardie hoop is verseker!




# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**